NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
Hatfield 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

PERSVERKLARING OOR UITSPRAAK VAN SEKRETARIS GENERAAL VAN DIE ANC 04.11.2013

DIE MISBRUIK VAN WAT VIR CHRISTENE HEILIG IS – AL WEER!

Gedurende die afgelope jare het die Christelike gemeenskap in Suid-Afrika sy afkeer uitgespreek oor politieke leiers se misbruik van die Bybel en dit wat vir Christene heilig is – veral in die tyd van verkiesings. Die President het dit gedoen, en nou misbruik en degradeer die Sekretaris Generaal van die ANC die heilige Drie-eenheid tot ‘n metafoor vir ‘n politieke alliansie en politieke gewin. Baie Christene is seergemaak deur die tipe godslastering.

Ons doen ‘n beroep op die regerende party om hierdie tipe optrede ten sterkste te sensureer.

Ons doen ‘n oproep op alle Christene in ons dierbare land om optrede soos dié teen te staan.

Ons wil ‘n oproep op ander godsdienste doen om ons te help om hierdie tipe misbruik van ons godsdienste teen te staan deur hulle afkeer op die sterkste denkbare wyse, soos hulle mag goed vind, uit te spreek. Ons weet hoe die Moslems of Jode of Boeddiste sou gevoel het indien hulle hierdie tipe slegte godsdienstige behandeling sou moes ondergaan.

Mag ons almal in die tyd van die naderende verkiesings die wysheid en die selfbeheersing vind om op ‘n wyse op te tree wat ons land en ons geloof waardig is.

Dr Johann Ernst
Aktuarius
Namens die Moderamen
Algemene Sinode NG Kerk

0835077710
jhernst@tiscali.co.za